

# Met pyl en geweer

**Dr Johan Kriek, *WILD & JAG / GAME & HUNT* se redakteur: dieregesondheid, het onder meer olifantgewere, malaria en slaaplose nagte in die gesig gestaar om sy droom van 'n eie wildplaas te verwesenlik en in die proses baanbrekerswerk met die pyl van wild gedoen.**

**“M**alligheid!” Dis wat 'n mens besiel om onder baie moeilike omstandighede skaarsspesies in naburige lande te gaan vang en na Suid-Afrika in te vlieg. “Maar dankie tog ek het dit gedoen.” Aan die woord is dr Johan Kriek wat baanbrekerswerk gedoen het met die pyl van diere vir massaverskuiwings.

Kriek sê: “Ek was die eerste veearts wat 'n pylgeweer gebruik het vir die kommersiële skuif van troppe diere.” Vandag, nadat hy omtrent al 40 000 diere gepyl het, beskou hy dit steeds as dié metode om 'n dier met die minste steuring uit 'n trop te haal en “'n handige tegniek om professioneel en doeltreffend diere te skuif”.

Kriek het op 'n plaas in die sentrale deel van Zimbabwe, so 100 km noord van Masvinga, grootgeword. Nadat hy in 1975 aan die Universiteit van Pretoria as veearts gekwalifiseer het, het hy as staatsveearts in Zimbabwe gewerk. In 1980 het hy met R300 in sy sak Suid-Afrika toe geïmmigreer en 'n paar maande op Klerksdorp gewerk voordat hy hom op Kimberley gevestig het, waar hy 22 jaar lank 'n gemengde veeartsenypraktyk bedryf het.

Van die staanspoor af was dit sy droom en missie om sy eie wildplaas in die Noord-Kaap te bekom, waar die landskap sy hart gesteel het. Een manier om fondse hiervoor in te samel en 'n belangrike bewaringsrol te speel, was deur wildsoorte waarvan die getalle in Suid-Afrika baie gekrimp het, van naburige lande in te voer.

In 1980 wou hy 400 swartwitpense van

***Die kamp waar die Krieke in Malawi gebly het***

***Dr Johan Kriek kry 'n verdowingspyl gereed.***





Zimbabwe invoer, waar hulle so talryk was dat hulle vir rantsoene geskiet is. Onderstepoort was egter bekommerd oor bek-en-klouseer en het permitte geweier. Vandag besef hy dit sou 'n fout gewees het aangesien "daar nog nie 'n wilddedryf soos vandag was nie en min ouens die potensiaal daarvan gesien het. Ek sou die mark oorstroom het sonder dat daar 'n mark was," verduidelik hy.

Hy het egter nie opgegee wat sy droom betref nie en in 1984 kon hy 36 tsessebes suksesvol van Zimbabwe af inbring en aan die Pilanesberg Nasionale Park en 'n boer in Noordwes verkoop.

### Wildvang in Malawi

Twee jaar later het die "maligniteit" goed ingetree toe hy besluit het om bastergembokke, swartwitpense en Lichtenstein se hartbeeste (mofhartbeeste), 70 van elk, van Malawi af in te voer. Hy het geglo daar is 'n mark vir dié skaars bokke en wou graag self ook met hulle teel. Wat die mofhartbeeste betref, het SANParke 'n ruk tevore 'n paar na die Nasionale Krugerwildtuin ingevoer en wou graag nog hê.

Dit was die tyd van die Mosam-

biekse burgeroorlog, dus was dit "polities nie die regte tyd" om deur van die buurlande te ry nie. Kriek het toe 'n Hercules C130-vliegtuig teen R33 000 gehuur om al die toerusting wat benodig sou word, insluitend die helikopter, na Malawi te vervoer. Hy, sy vrou Daleen, twee klein seuntjies, Johann en Jacques, en twee maande oue babadogter Heleen, die helikoptervlieënier en 'n vriend van hom wat as veearts by die Nasionale Dieretuin in Pretoria gewerk het, is toe met die vliegtuig vort vir die reusetaak.

Kriek vertel hoe hy wildvangtoerusting van De Beers (vir wie hy wildvangwerk in Namibië gedoen het) gehuur het omdat hy self nie gehad het nie, en in Malawi het hy beestrokke gehuur om die wild te vervoer. Dié moes hulle aanpas en eers met was-soda ontsmet om seker te maak die bokke kon nie bek-en-klouseer van die beeste kry nie.

Die diere is in die Kasungu Nasionale Park in Sentraal-Malawi gevang en moes 200–300 km ver in die skudende trok oor slegte paaie na die kwarantynstasie by Lilongwe vervoer word. Hy sê die diere is dikwels eers in die aand afgelaai, waarna hulle dadelik moes teruggekeer vir nog 'n

vrag. Nog 'n uitdaging was dat daar nie brandstof ná ses in die aand beskikbaar was nie, dus moes hulle spesiale reëlins daarvoor tref.

Een aand nadat hy teruggekeer het van Lilongwe en daar geen wag in sig was by Kasungu se hek nie, het hy naderhand maar besluit om langs die hekpaal verby te ry. Die volgende oomblik is 'n olifantgeweer in sy gesig gedruk en dit het baie oortuiging gekos om die wag te oortuig dat hy nie 'n stroper is nie.

Voorts moes hy staatsveeartse van Suid-Afrika invlieg om die bokke te bloei, nie net een keer nie, maar ná 21 dae weer. Uiteindelik is 14 bastergembokke, agt swartwitpense en 42 Lichtenstein se hartbeeste met twee C130-vlugte na Suid-Afrika gevlieg. Van die mofhartbeeste wat gevang is, het die SA Natuurstigting tien vir die wildtuin gekoop en Kriek het vyf geskenk. Die res van die diere is aan boere verkoop.

Kriek sê weens die harde werk moes die span 'n bietjie uitspan, en in dié tyd het Malawi se direkteur van natuurbewaring besluit hulle kan nie met die projek voortgaan nie.

In 1991 het hy en sy gesin weer die pad Malawi toe gevat, maar hierdie keer kon hulle al die toerusting wat hulle sou benodig met vyf 30-ton-trokke vervoer. Op die vanglys was swartwitpense en bastergembokke. Sy plakboeke vol foto's vertel die storie van hoe hulle eers kampe en seilhouke gebou het, met sy kinders wat grootoog die gewerskaf sit en dophou.

Dit was 'n logistieke nagmerrie, want die Liwonde en Nyika Nasionale Parke, waar die bokke gevang is, lê omtrent 800 km uitmekaar en dan moes die diere ook nog na die twee kwarantynstasies by Lilongwe en Mzuzu vervoer word. Boonop het hy in drie weke twee keer malaria gekry en 4 kg in dié tyd verloor. Slaap was maar min, dikwels net so drie uur wanneer die bokke in die aand vervoer is.

Die hele wildvangoperasie het ses maande geduur en R2 000 000 gekos. Net die middels alleen was daardie tyd R140 000. Sowat 80% van die bastergembokke moes uit die helikopter gepyl en na die trokke opgeheys word.

*Vervolg ➡*



*Die vreugde wanneer jy ontdek daar is nóg 'n rooibok met horings van meer as 24" op jou plaas!*



*Dit verg spanwerk om 'n dier te pyl, 'n oorplaatjie aan te sit en sy horings te meet. Links is Jacques Kriek en naas links Burger Schoeman*



#### ➡ Vervolg

Uiteindelik is 95 bastergemsbokke en 65 swartwitpense met vyf C130-vlugte na Suid-Afrika gebring.

#### Ondervinding in wildvang

Dit is in sulke omstandighede wat 'n veearts al sy ondervinding moet inspan, want dit is beslis nie kinderspeletjies om 160 bokke vir 11 uur onder verdowing te hou nie.

Kriek sê die “beddegoed” waarop die dier wat verskuif word lê is baie belangrik en dat hulle spesiale matrasse van 2 m x 2,7 m gebruik. Hulle het die diere se koppe met nylontoue opgehou sodat hulle winde kon opbreek, wattepluisies in hul ore gedruk vir die geraas van die vliegtuie en oogsalf in hul oë gesit om uitdroging te voorkom. Die bokke is ook elke halfuur gedraai en wanneer 'n dier weer verdoof moes word, is hy met 'n pers stof gemerk om te verseker dat hy nie dubbeld ingespuut word nie. Sewe veeartse moes saam vlieg om te help met dié take.

Nog 'n probleem was hittebeheer, want hulle kon die diere nie natgooi nie omdat dit die humiditeit sou verhoog.

#### Droom verwesenlik

In 1991 is sy droom van 'n wildplaas verwesenlik toe hy Mattanu, wat 3 500 ha beslaan, naby Barkley-Wes in die Noord-Kaap gekoop het. Dit is hier waar hy, Johann en Jacques en skoonseun Burger Schoeman met onder meer siektevrye buffels, swartwitpense en bastergemsbokke boer.

Kriek word as 'n kenner van bastergemsbokke beskou en was ook betrokke by 'n navorsingsprojek oor bastergemsbok-subspesies nadat daar 'n verbod op die skuif van bastergemsbokke geplaas is.

Hy is ook 'n baanbreker in die teel van siektevrye buffels en het saam met dr Fred Potgieter, destydse direkteur van veeartsenykundige dienste, en drs Johan Krige en Paul Bosman die eerste protokol in hierdie verband geskryf. Vandag, meen hy, is daar omtrent 40 000 siektevrye buffels in Suid-Afrika.

In September 2003 het Kriek en Johann hul privaat helikopterlisensies gekry en in 2006 hul kommersiële lisensies. Kriek laat egter deesdae die



*Baie van die bokke moes met die helikopter opgeheys en na die trok gevlieg word.*

vliegwerk meesal aan Johann oor.

In 2006 is Mattanu Privaat Natuurreservaat as ekotoerismebestemming aan die wêreld bekendgestel en het reeds menige toekennings vir dienslewering, bewaring en gasvryheid ontvang, onder meer 'n paar van die AA en Noord-Kaap Toerisme vir beste klein reservaat in SA.

#### Beroepsjagter

Kriek sê hy was van kleins af “mal oor jag” en het as beroepsjagter en jagondernemer gekwalifiseer. Die Krieke





**'n Spesiale waentjie is gebou om die diere te vervoer.**



**'n Krat met diere word in die C130-vliegtuig gelaai vir die vlug na Suid-Afrika.**



**Die diere se koppe is met nylontoue opgehou sodat hulle kon winde opbreek.**

bedryf ook 'n jagonderneming, maar dié laat hy aan die seuns oor, tensy dit natuurlik 'n buffeljagtog is! Kritiek teen jag verstaan hy nie, want die mens is 'n selektiewe predator, nie soos 'n leeu wat "enigiets sal vat, selfs 'n bok met 'n kalfie, wat dan in die veld lê en vrek nie". Soms is 'n genadedood nodig wanneer 'n ou dier wat van honger sou vrek, geskiet word. Hy sê: "Ons sal volgens ons Bybel-opdrag nie goeie rentmeesters wees indien ons nie die diere bestuur nie."

#### **Ander projekte en toekennings**

Kriek was vir 'n paar jaar die voorsitter van die komitee vir skaarsspesies, wat by die SA Wildboerorganisasie (nou Wildbedryf SA) geaffilieer was. Benewens verskeie praatjies oor die wildbedryf het hy ook die hoofstukke oor bastergemsbokke en swartwitpense vir J du P Bothma en N van Rooyen se boek *Intensive wildlife production in Southern Africa* geskryf.

Hy het al verskeie toekennings ontvang, soos Wildbedryf SA se Wildboer van die Jaar vir 2009, Kimberliet van die jaar in 2004 vir sy diens aan die wildbedryf

landwyd en die bevordering van toerisme in die Noord-Kaap, Transvaal Wildorganisasie se voorsitterstoekening ter erkenning van sy diens aan die wildbedryf, en erelidmaatskap van die Noord-Kaap Jagtersvereniging.

Hul lodge op Mattanu het ook al verskeie toekennings ontvang. Kriek sê dit is vir hom wonderlik dat hy sy passie in so 'n suksesvolle finansiële onderneming kon omskep. Hy dink terug aan sy wildvangdae in Afrika en meen dit sou só lekker gewees het as hy dit nou saam met sy kinders kon doen.

Pa en seuns werk die afgelope paar maande egter ekstra hard saam op Mattanu, want op 23 April bied die Krieke hul eerste wildveiling daar aan. Die eerste veiling wat dr Kriek aangebied het, was in Pietersburg in 1987 toe die R7 000 per bok wat hy vir 'n swartwitpensteelgroep ontvang het, 'n nuwe SA rekord was! Hulle hoop hulle kan weer 'n paar rekords laat spat in 2016. Die veilingslokaal is amper klaar gebou en die diere van oorplaatjies voorsien en gemeet. En so, ná baie bloed en sweet en uitsonderlike ervarings, word drome toe wel waar. 🐾



**Johann Kriek jr doen deesdae meeste van die vliegwerk.**